# Die Hapoor saga

HAPOOR, die beroemde gewese leier van die olifanttrop in die Nasionale Olifantpark by Addo was sekerlik die bekendste en mees gefotografeerde wilde olifant in die geskiedenis. Kort nadat hy in 1968 ná 24 jaar van leierskap deur 'n jong bul onttroon is, het hy van pure frustrasie oor die Armstrong-omheining om die Park geklim en moes doodgeskiet word. Hapoor was 44 jaar oud toe hy die eerste olifant geword het om oor hierdie heining te kom.


Hoewel die skedel en tande van Hapoor behoue gebly het, is die vel nie sodanig gepreserveer dat sy kop opgestop kon word nie.

Weens die sukses wat hierdie Museum reeds behaal het in die maak van veselglasreplikas van groot soogdiere is daar gedurende 1973, toe te Skukuza vir hierdie doel gipsafdrukke van drie seekoeie en 'n groot krokodil gemaak is, ook afdrukke geneem van die kop van 'n groot olifantbul wat spesiaal uitgesoek was weens sy ooreenkoms in bou en voorkoms met Hapoor.

Uit hierdie gipsafdrukke het Sep Roos en sy helpers 'n veselglasreplika van die olifantkop gemaak, Hapoor se oorspronklike ivoor daarin gemonteer en die beroemde hap in die oor en ander kenmerke daarop oorgedra. Die veselglaskop van die nuwe Hapoor is dus so 'n akkurate replika as wat menslik moontlik is om te maak. Hierdie kop sal eersdaags in die restaurant op Addo pryk om die Hapoor-sage nog lank te laat voortleef. In die tydskrif *Custos* 2 (12) van November 1973 verskyn 'n artikel omtrent Hapoor.



*Hapoor in lewende lywe. Die hap aan sy linkeroor kan duidelik gesien word.*
*Hapoor in life. Note the nick (or "hap") in his left ear which gave rise to his name.*



*Die voltooide veselglasrekonstruksie van Hapoor soos uitgestal in 'n Bloemfonteinse teater as reklame vir die rolprent "Beautiful People".*
*The complete fibreglass reconstruction of Hapoor as displayed in the foyer of a Bloemfontein theatre to publicize the film "Beautiful People".*

# Rock pigeons go haywire



*Dr Tibor Farkas, ornithologist of the Museum, gently removes the wire nest from under the eaves of an open shed on the rooftop of a Bloemfontein business complex.*

AN UNUSUAL nest of the rock pigeon *Columba guinea* was recently found on the roof of a new business complex in Bloemfontein. Amongst other things the nest consisted of numerous pieces of wire, nails, beer can rings, a paper clip, a few washers, other pieces of metal, a piece of gut with fish hook attached, some pieces of plastic, the dried-out foot of a pigeon and a piece of the backbone of a fish. Only two twigs were used.

This is the second record of a "haywire" rock pigeon nest from the Free State. In *The Ostrich* 44(2), P. F. Woodall describes a similar wire nest from Zastron. This nest also contained one unused 16 bore shotgun shell and a cigarette lighter. Whereas the Zastron nest had a mass of 148g, the Bloemfontein one measures 1 070g.



*The nest seen from above. The eggs shown, were not found in the nest but only photographed in it to scale the size thereof.*